



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DANSSTUDIES

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

2012

Hierdie riglyne bestaan uit 28 bladsye.

**PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE (PAT'e)
VIR GRAAD 12 DANSSTUDIES 2012**

RIGLYNE VIR DIE ONDERWYSER

Die program vir skoolgebaseerde assessering (SGA) in graad 12, sluit ses take in totaal in, insluitende DRIE Praktiese Assesseringtake (PAT'e), EEN toets en TWEE eksamens.

Graad 12 Skoolgebaseerde Assessering

KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3
PAT 50 punte	PAT 50 punte	PAT 50 punte
Toets 50 punte	Geskrewe eksamen 150 punte Praktiese eksamen 150 punte	Voorbereidende geskrewe eksamen 150 punte Voorbereidende praktiese eksamen 150 punte
100 punte	350 punte	350 punte
100 + 350 + 350 = 800 gedeel deur 8 om na SGA-punte uit 100 te herlei		

Let wel dat daar veranderinge aan die SGA- en eksterne eksamenvereistes is.

1. Leerders het SES take vir SGA eerder as sewe. Die toets in die 3de kwartaal is weggelaat as gevolg van tydsbeperkinge.
2. Die groepdans en choreografieë sal intern geassesseer word as deel van die SGA en sal nie deel vorm van die eksterne praktiese eksamen nie.

1. VEREISTES: PAT-TAKE VIR DANSSTUDIES

Die Praktiese Assesseringstake (PAT) vir Dansstudies bestaan uit drie aparte take wat gedurende die jaar onderneem word, een per kwartaal. Om te help met beplanning en kurrikulumdekking, is aspekte van die teorie met die PAT verbind. Punte wat toegeken word vir die teorieopdragte vorm deel van die informele assessering.

Beide die informele en formele voorbereiding vir elke PAT moet in 'n joernaal of werkboek of lêer aangeteken word wat spesifiek vir Dansstudies gehou word. Die geskrewe voorbereiding moet bestaan uit navorsing, opdragte, beplanning, besinning en ander rekordhouding wat vereis word wanneer daar vir 'n opvoering in Dansstudies beplan word.

Wat is die verskil tussen die joernaal, werkboek en lêer?

Joernaal	= Leerders se daaglikse skryfwerk waar hulle oor hulle leerervaringe besin
Werkboek	= Oefeningboek wat geskrewe werk bevat
Lêers	= Versameling van al die werk insluitende PAT-assessering en bewyse, nagesiene toetse en eksamenvraestelle, navorsing, opdragte, aantekeninge/notas
	Onderwysers kan besluit of leerders al die bogenoemde sal gebruik of dat alles in een lêer geplaas sal word.

Die PAT-opvoerings kan plaasvind in 'n beheerde omgewing (soos 'n ateljee of klaskamer) of in 'n werklike omgewing (soos 'n publieke/openbare opvoering).

In Graad 12 word die Praktiese Assesseringstake ekstern opgestel, intern geassesseer en ekstern gemodereer.

Die PAT'e is deel van die formele assesseringsprogram en is Taak 1, Taak 3 en Taak 5 (Dansstudies VAR, bladsy 9). Dit kan in enige volgorde gedoen word, een per kwartaal. Dit word nie vir 'n spesifieke kwartaal voorgeskryf nie. Taak 2, 4 en 6 is die toets en eksamens.

2. DIE FORMAAT VIR PRAKTIESE TAKE IN GRAAD 12:

PAT TAAK 1: LU 4 50 punte
Opvoering van Inheemse of Kruis-kulturele Dans

Instruksies vir onderwysers:

Die volgende teoriekomponente kan tydens hierdie PAT onderrig word vir maklike kurrikulumdekking. Assessering van hierdie informasie sal gedurende die geskrewe eksamen plaasvind. (Gebruik dit as 'n riglyn vir jou kwartaalbeplanning.)

- Aspekte van die dans wat hulle leer, soos klerre/kostuums, rekwisiete, musiek, opvoeringskontekste, tema, doel, deelnemers (getal dansers, geslag, ouderdom), tydsberekening, ontleding van beweging en gebruik van liggaamsdele, gebruik van ruimte/spasie, ruimtelike verhoudings tussen dansers, formasies en dinamiek, die rolle wat mense speel in 'n dans en hoe dit in die verlede en hede karakterrolle en sosiale verhoudings in kulture weerspieël, bv. 'n navorsingprojek oor die agtergrond van die inheemse/kulturele dans insluitende 'n skriftelike besinning in jou joernaal/lêer oor die ondervinding wat opgedoen is deur die leer van 'n dans van 'n ander kultuur/genre.
- Ontleed en artikuleer die beginsels en die historiese en sosiale konteks van die dans opgevoer
- Die gebruik van simboliek in die dans
- Die funksies van dans in die samelewing

Bewyse in leerderlêers/werkboeke om kurrikulumdekking van LU 3 en 4 te demonstreer, moet wees:
Navorsing oor:

- Inheemse/Kulturele dans geleer
- Simboliek in dans
- Die funksies van dans in die samelewing

PAT Opvoering – 50 punte

Die leerders moet 'n klassieke inheemse/kulturele dans met volle inagneming van styl en opvoeringskonteks opvoer:

- Leerders wat Afrika-dans as hoofvak het, leer 'n volledige dans van 'n kultuur buiten Afrika, soos Ballet, Spaanse danse, Griekse danse of ander.
- Leerders wat Nie-Afrika-dans as hoofvak het, leer 'n inheemse Afrika seremoniële of rituele dans. (Die onderwyser kan dalk ondersteuning van 'n kenner van die gekose dans wat geleer moet word, van buite kry.)

Punte word toegeken vir die leerder se proses en deelname terwyl die inheemse/kruis-kulturele dans geleer word (onderwyser se waarneming). Leerders moet vooruit in kennis gestel word oor watter kriteria gebruik sal word om individueel op hulle dans geassesseer te word.

Vir die finale assessering kan die dans in die publiek of die klas opgevoer word, en moet deur die onderwyser of buite-kenner geassesseer word. 'n Video/DVD van die inheemse dans moet vir modereringsdoeleindes beskikbaar wees.

INHEEMSEDANS-NASIENINSTRUMENT

PAT TAAK: LU 4 – INHEEMSE/KRUIS-KULTURELE DANS – 50 PUNTE	Leerders	1	2	3	4	5
Vordering en proses tydens repetisies/in klas – leer die PAT-taak: <ul style="list-style-type: none"> • Werk saam ander in groep – interaksie met ander dansers • Bewustheid van self en ander in ruimte • Akkurate reproduksie van volgreeds/opeenvolging • Volle inagneming van styl 	5 5 5 10					
Finale assessering van PAT-taak – kan effektiewe gebruik van die volgende demonstreer: <ul style="list-style-type: none"> • Beweging/Gebruik liggaamsdele • Gebruik van ruimte • Formasies/Verhoudings • Dinamiek • Tydsberekening/Musikaliteit in opvoering/optrede 	5 5 5 5 5					
TOTAAL	50					

PAT-TAAK: LU 2 50 punte

Opvoer van 'n groepdans minimum 3 minute in die danshoofvak. Hierdie groepdans kan ook opgevoer word gedurende dieselfde publieke optrede as die leerder se choreografieë.

Instruksies vir onderwysers

Die volgende teoriekomponente kan tydens hierdie PAT onderrig word vir maklike kurrikulumdekking. Hierdie klasgebaseerde aktiwiteite sal deel uitmaak van jou informele assessering aangesien dit in die formele kwartaaltoets of -eksamen getoets en nagesien sal word.

- Spiere en gewigte en gewrigaksies met betrekking tot gesonde danspraktyk
- Strategieë vir die voorkoming van beserings en versorging
- Komponente van fiksheid
- Moegheid, spanning, stres en ontspanning
- Bestudeer een voorgeskrewe internasionale choreograaf en die voorgeskrewe danswerk in detail
- Bestudeer die musikale begeleiding van die voorgeskrewe dans en hoe dit die werk versterk
- Opleiding, onderrig en ondervinding nodig om dansloopbaanopsies te volg
- Die beplanning van 'n gemeenskapdansprojek

Bewyse om in leerderleërs te toon om kurrikulumdekking te demonstree, moet wees:

- Werkstate of breinkaarte oor fiksheidkomponente
- Benoem van prente/foto's en aandui van spiere, ontleding van gewrigsaksies en houding
- 'n Navorsingsopdrag of oorsig/resensie of onderhoud of programnotas oor die voorgeskrewe internasionale choreograaf en die danswerk, insluitende relevansie van die danswerk
- 'n Werkstaat of notas oor die begeleiding wat in die voorgeskrewe internasionale danswerk gebruik word en hoe dit verband hou met die dans
- 'n Werkstaat/Navorsingsprojek oor verskillende loopbane in dans en die kwalifikasies/ondervinding en gesindheid/houding nodig vir elke loopbaan
- Voltooid gemeenskapprojekplan

Opvoer van Vasgestelde Groepdans – 50 punte

Leerders leer 'n groepdans wat gechoreografeer kan word deur die onderwyser, 'n professionele choreograaf of dit kan 'n uittreksel van 'n professionele werk wees.

Die groepdans moet die leerders se dansskat in die danshoofvak ontwikkel en uitbrei en moet die leerders uitdaag. Die dans moet die leerders se vermoë om te kommunikeer en op mekaar te reageer, toon. Gebruik dansmaats (oplig – opsioneel), ruimtelike patroonwerk en tydsberekening.

Die groepdans moet leerders toelaat om variasie in dinamiek te toon en 'n atmosfeer op te bou. Hierdie groepdans kan in die klas of met 'n publieke opvoering opgevoer word. Klem moet gelê word op bewegingsgehalte, oorgange en uitdrukking.

Leerders moet vooruit in kennis gestel oor die kriteria wat gebruik sal word om hulle individueel in die groepdans te assesser (sien instrument hieronder)

Vir interpretasie van solo- en groepdans in Baldans en Latynse-Amerikaanse Dans sien Bylae B.

GROEPDANSNASIENINSTRUMENT

PAT-TAAK 3: LU 2 – GROEPDANS – 50 PUNTE	Leeders	1	2	3	4	5
Vordering en proses gedurende repetisies/klasse <ul style="list-style-type: none"> • Werk saam met ander in die groep • Bewustheid van self en ander in ruimte Kwaliteit van beweging <ul style="list-style-type: none"> • Dinamiek, vloeibaarheid, oorgang en soepelheid • Musikaliteit en reprodusering van ritmes • Fokus, aanwesigheid, projeksie en energie 	5 5 5 5 5					
Finale assessering van PAT-taak – kan effektiewe gebruik van die volgende demonstreer: <ul style="list-style-type: none"> • Interpretasie van dansgenre en styl • Beginsels akkuraat toepas, aandag aan detail • Bewegingskwaliteit, koördinasie en beheer, krag, stamina en soepelheid • Saamdans, ruimtelike patrone en tydhou • Vlak van kompleksiteit bereik 	5 5 5 5 5					
TOTAAL	50					

PAT-TAAK 5: LU 1 50 punte
Choreografie, produksie en opvoering**Instruksies vir onderwysers**

Die volgende teoriekomponente kan tydens hierdie PAT geleer word vir maklike kurrikulumdekking. Hierdie klasgebaseerde aktiwiteite sal deel uitmaak van jou informele assessering aangesien dit in die formele kwartaaltoets of -eksamen getoets en nagesien sal word. (Gebruik dit as 'n riglyn vir jou kwartaalbeplanning.)

- Musiekgenres, instrumente en ritmes en hoe dit in die danskomposisie gebruik kan word
- Bestudering van 'n Suid-Afrikaanse voorgeskrewe danswerk en choreograaf, die simboliek daarvan en hoe die musiek tot die werk bydra
- Ontdekking en eie interpretasie van 'n professionele choreograaf se werk
- Musiek: tydmaattekens en nootwaardes
- Musiekelemente, bv. harmonie, melodie, toonkleur
- Produksie-elemente – ligte/klank/verhoogbestuur/kostuums/stelle en rekwisiete/bemaking gekoppel aan dansloopbane
- Organisering van 'n produksie – repetisieskedules, produksieskedules en bemakingstrategieë
- Ontwerpelemente – ruimte/tyd/krag/vlakke/dinamiek/gebruik van onkonvensionele opvoer-areas, ens.

Bewyse om kurrikulumdekking in die leerderlêers te demonstreer, kan wees:

- 'n Oorsig/Resensie of opstel of onderhoud of programnotas of navorsingsopdrag oor die voorgeskrewe danswerke
- 'n Werkstaat of notas oor produksie-elemente
- Werkstate oor musikale genres en die eienskappe waarvolgens dit geïdentifiseer word, tydmate en nootwaardes

Vorbereiding, Produksie en Opvoering van Choreografie

Elke leerder moet 'n 2–3-minuut-danswerk met 3 of meer mense choreografeer, wat hulself uitsluit. Daar word verkies dat elke leerder sy/haar eie danswerk choreografeer, maar dit is aanvaarbaar vir twee leerders om saam aan een danswerk te choreografeer. Dit is belangrik dat elkeen ewe veel bydra en dat hulle bewys kan lewer van hul individuele bydrae. Dit moet deur die onderwyser gemoniteer word en in elke leerder se individuele joernaal verduidelik word.

Baie leerders neem baie lank om op 'n tema of idee vir die finale groepchoreografie te besluit wat waardevolle choreografierepetisietyd mors. Daar word voorgestel dat leerders een van die volgende onderwerpe kies:

Hier is die onderwerpe vir 2011

1. Gesprekke
2. Klimaatsverandering
3. Die reis
4. Kies 'n gedig of 'n prent as inspirasie
5. Die gebruik van onkonvensionele dansruimtes
6. Vrye keuse

LET WEL:

- **Genre/styl/vorm:** Let wel dat die choreografie nie beperk word tot dieselfde dansgenre of -styl as die leerder se danshoofvak nie. Leerders moet vrymoedigheid hê, en aangemoedig word om weg te beweeg van bekende passies en formasies en om nuwe bewegingswoordeskat en -strukture te ondervind en te skep.
- **Gebruik van dansers:** Daar word voorgestel dat elke leerder-choreograaf die graad 10–12-Dansstudies-leerders as dansers gebruik. Om hierdie leerders aan te moedig om toegewyd en konsekwent te wees, word daar voorgestel dat punte toegeken word vir deelname aan graad 12-choreografie as deel van hulle groepdansenpunte.
- **Organisering van repetisies:** Onderwysers moet verantwoordelikheid neem om leerders te help met die organisering van die dansrepetisies asook die deel van ruimte. Onderwysers moet by wees gedurende repetisies en dit monitor.
- **Beplanning van die produksie:** Leerders moet deelneem aan die beplanning van 'n openbare dansopvoering enige tyd gedurende hul skooljaar. Hierdie opvoering kan graad 10–12-groepdans en individuele choreografieë insluit. Die opvoering kan formeel en informeel plaasvind, bv. in die klas of skoolsaal vir 'n [portuurgroep](#) of openbare gehoor. Elke leerder moet 'n produksie-organiseringsrol kies of toegeken word. Dit vereis dat leerders as 'n span moet saamwerk om te verseker dat die verskillende take tot die sukses van die produksie bydra. Elke leerders moet 'n geskrewe verslag lewer wat hul take, prosesse en besinning oor die uitkoms van die produksie dokumenteer.
- 'n CD met 'n aantal verskillende musieksnitte is beskikbaar van by WKOD se Edumedia. Leerders is welkom om hierdie nitte te gebruik of om hulle eie te vind.
- Let wel dat liedjies met woorde vermy moet word, aangesien daar 'n neiging is om dit letterlik te interpreteer.
- Tydhou: hierdie idees moet gegee word in die vierde kwartaal van graad 11 of, op die laaste, die eerste kwartaal in graad 12 sodat leerders genoeg tyd het om aan hulle choreografie te werk.
- 'n **SERTIFIKAAT VAN EGTHEID** moet in die choreografiejoernaal geplaas word as waarborg dat dit die leerder se eie werk is en dat die onderwyser getuie was van die repetisies. Dit moet deur beide die onderwyser en die leerder onderteken word. Leerders moet bedrogaksies soos die volgende vermy:
 - Die gebruik van uittreksels van ander dansers/choreografe/onderwysers/musiekvideo's
 - Die gebruik van hul dansers om hul dans te choreografeer
 - Die aanbied van improvisering as choreografie
- Leerders moet vooruit in kennis gestel word volgens watter kriteria hulle individueel geassesseer sal word vir hul choreografieë.

Die punte moet op die volgende gebaseer wees:

1. Choreografiejoernaal insluitende:

- Besinning oor hul prosesse
- Hoe hulle die intensie/bedoeling van die choreografie in beweging omgesit het
- Hoe hulle saam met hulle groep aan die choreografiese proses gewerk het
- Wat hulle uit die choreografiese proses geleer het
- Hulle repetisieskedule
- Bemerkingsplan vir 'n opvoering
- Produksieverslag

2. 'n Een bladsy-programnota vir die dans, van nie meer as 150 woorde nie, op 'n enkel vel A4-papier.

3. Die choreografie wat:

- Hul bedoeling, spesifieke onderwerp of tema kommunikeer
- Eksperimentering en oorspronklikheid toon
- Struktuur, styl, vorm en ontwerpelemente toon
- Geskikte keuse van begeleiding (musiek/klank/stilte/stem) toon
- By elemente van produksie betrokke is

Assesseringproses

Die choreografie sal intern deur die onderwyser met 'n onderwyser op dieselfde vlak/provinsiale amptenaar, geassesseer word. 'n Video/DVD van die opvoerings moet beskikbaar wees vir moderering.

Die assessering kan by 'n publieke opvoering plaasvind, saam met ander skole of tydens 'n klasopvoering. Leerders word aangemoedig om 'n reeks tegnologiese te gebruik of om kruis-dissiplinêre aspekte te integreer.

Alle datums vir die choreografie-assessering en die name van die modererende portuur-onderwysers, moet vir goedkeuring aan die provinsiale vakhoof teen die einde van die eerste kwartaal voorgelê word.

CHOREOGRAFIE-NASIENINSTRUMENT

PAT TAAK 5: LU 1 – CHOREOGRAFIE – 50 PUNTE	Leerdere	1	2	3	4	5
Joernaal Selfbesinning oor hul prosesse <ul style="list-style-type: none"> • Hoe hulle die bedoeling van die choreografie in beweging omskep het • Gebruik van improvisasie om nuwe idees te genereer • Hoe hulle saam hulle dansers in die choreografiese proses gewerk het • Wat uit die choreografiese proses geleer is • Kostuum/Beligtingsontwerp/Rekwisiete, ens. • Repetisierooster – keuse van dansers om te gebruik • Bemerkingsplan vir 'n opvoering + produksieverslag 	10					
'n Een bladsy-programnota vir die dans, van nie meer as 150 woorde nie, op 'n enkel vel A4-papier.	5					
'n Choreografie wat die volgende moet toon: <ul style="list-style-type: none"> • Kommunikasie van die bedoeling, spesifieke onderwerp of tema • Kreatiwiteit, eksperimentering en oorspronklikheid • Struktuur, styl, vorm en choreografiese elemente/toestelle • 'n Geskikte begeleidingskeuse (musiek/klank/stilte/stem) • By produksie-elemente betrokke wees (kostuums/ligte/ens.) • Oorhoofse indruk van die werk (hoe al die bogenoemde saamgewerk het) 	5 5 5 5 5 5					
TOTAAL	50					

3. HULPBRONNE OF TOERUSTING BENODIG VIR DIE TAKE

Die volgende hulpbronne, toerusting en fasiliteite word voorgestel vir die implementering van die PAT soos benodig:

- Literatuur/Artikels/Tekste oor dans (boeke, tydskrifte, Internet) oor:
 - Dans: tegniek en vaardighede in die dansgenre gekies
 - Anatomie en gesondheidsorg/Dansgeskiedenis/Musiekteoretiese tekste
 - Choreografiese struktuur, benaderings: Aanbevole leesstof: *Dance Studies Teaching Improvisation, Choreography and Production. An Educator's Guide WCED 2009*. Beskikbaar by Edumedia 021 689 9536, e-pos: Edumedia@pgwc.gov.za
 - Video's/DVD's van inheemse danse, professionele danswerke
 - Repertoire vir die gekose dansgenre
- Toerusting:
 - Musiekinstrumente om te gebruik vir begeleiding/CD-speler om musiek benodig te speel
 - Videokamera om die inheemse danse, groepdanse en choreografieë op te neem
 - Rekwisiete, kostuums
- Fasiliteite:
 - Groot vertrek (spieëls 'n voordeel)
 - Geveerde houtvloer
- Menslike hulpbronne
- Leerders om deel te neem aan portuurgroep se ge choreografeerde danse

4. TOETSE EN EKSAMENS

Die toets in Kwartaal 1 moet teoreties wees.

Die praktiese eksamen in Junie moet 'n volle tegniekklas, opvoering van die solo en improvisering insluit.

Die voorbereidende eksamen in die Kwartaal 3 moet 'n repetisie wees vir die finale praktiese eksamen en moet die volgende komponente insluit:

- 30-minuut-tegniekklas
- 2-minuut-solo
- 1-minuut-improvisering

INSTRUKSIES VIR LEERDERS

ALLE GRAAD 12-LEERDERS MOET AAN DIE BEGIN VAN 2012 'N AFSKRIF/KOPIE VAN DIE PAT-VEREISTES ONTVANG OM IN HULLE WERKBOEK/LÊER TE PLAAS VIR NAVORSINGSDOELEINDES

PAT-TAAK 1: LU 4 50 punte
Opvoer van Inheemse of Kruis-kulturele Dans

5. VEREISTES: PAT-TAKE VIR DANSSTUDIES

PAT-TAAK 1: LU 4 OPVOER VAN INHEEMSE DANS/KRUIS-KULTURELE DANS (50 PUNTE)

Instruksies aan leerders

Vorbereiding

Leerders wat Afrika-dans as hoofvak het, leer en voer 'n volledige dans van 'n kultuur, behalwe Afrika, soos Ballet, Spaanse danse, Griekse danse of ander, op.

Leerders wat nie Afrika-dans as hoofvak het nie, leer en voer 'n inheemse Afrika seremoniële of rituele dans op.

Om vir hierdie taak voor te berei, sal jy die volgende moet doen:

- Die dans wat bestudeer word, navors
- Die gebruik van simboliek in die dans bespreek
- Die funksies van dans in die samelewing bespreek en notas maak

Dit behoort jou te help om vir moontlike eksamenvrae in jou teorie-eksamen voor te berei.

Daarbenewens moet jy die volgende in jou lêer/werkboek/joernaal doen:

- Skriftelik oor die ondervinding om 'n inheemse/kruis-kulturele dans, en die waarde om dansstyle behalwe jou eie te bestudeer, besin
- Bied jou navorsingsbevindinge oor die dans skriftelik aan. Sluit inligting in oor: Tema, doel, musiek, klere/kostuums, rekwisiete, deelnemers (aantal dansers, geslag, ouderdom), die rolle wat mense speel in 'n dans en hoe dit verband hou met sosiale verhoudings in kulture, die gebruik van ruimteformasies en dinamiek, ontleding van beweging en die gebruik van liggaamsdele, sosiale/historiese/opvoerkonteks van die dans opgevoer

Daar sal punte toegeken word vir jou poging, deelname en oefening terwyl die inheemse/kruis-kulturele dans aangeleer word asook vir jou geskrewe navorsing en jou besinning.

Opvoering

Leer en voer jou dans in die klas op.

- Jy sal geassesseer word op jou vermoë om die dans te onthou, jou begrip van die styl en jou gebruik van ruimte, liggaamsdele, verhoudings, formasie, dinamiek en tydberekening. Verwys na die assesseringskriteria wat jou onderwyser in die klas vertoon/uitdeel sodat jy ten volle voorbereid sal wees.

PAT-TAAK 3: LU 2 OPVOER VAN 'N GROEPDANS IN DIE DANSHOOFVAK (50 PUNTE)

Instruksies aan leerders

Vasgestelde groepdans (30 punte)

Daar word van jou verwag om 'n vasgestelde groepdans van 3 minute in jou danshoofvak te leer en op te voer. Die groepdans moet 'n uitdaging aan jou stel. Hierdie groepdans kan in die klas opgevoer word of dit kan 'n publieke opvoering wees. Jy en jou groep moet die dans leer en dit dan ontwikkel deur dit jou eie interpretasie te gee.

Jy sal geassesseer word op:

- Jou pogings, houding, deelname en vordering terwyl die groepdans geleer is
- Jou tegniek en die gehalte van jou bewegings gedurende die opvoering
- Die vlak van kompleksiteit van jou dansskat
- Jou musikaliteit
- Jou betrokkenheid by ander in jou groep (oogkontak, ruimte, tydsberekening, sensitiwiteit)

Verwys na die assesseringskriteria wat jou onderwyser in die klas vertoon/uitdeel sodat jy ten volle voorbereid sal wees.

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

PAT-TAAK 5: LU 1 INDIVIDUELE CHOREOGRAFIE (50 PUNTE)**Instruksies aan leerders**

Jy moet 'n danswerk van 2 tot 3 minute, met 3 of meer mense, jouself uitgesluit, choreografeer. Daar word verkies dat elke leerder sy/haar eie danswerk choreografeer, maar dit is aanvaarbaar vir twee leerders om saam aan een danswerk te choreografeer. Dit is belangrik dat elkeen ewe veel bydra en dat hulle bewys kan lewer van hulle individuele bydrae. Jy moet in jou eie joernaal kan verduidelik hoe julle saamgewerk het.

Baie leerders neem lank om op 'n tema of idee vir hulle finale groepchoreografie te besluit, wat waardevolle repetisietyd mors. Daar word aanbeveel dat jy 'n onderwerp uit die idees hieronder kies.

Hierdie is die onderwerpe vir 2011

1. Gesprekke
2. Klimaatsverandering
3. Die reis
4. Kies 'n gedig of 'n prent as inspirasie
5. Die gebruik van onkonvensionele dansruimte
6. Vrye keuse

LET WEL:

- **Genre/styl/vorm:** Let wel dat die choreografie nie beperk is tot dieselfde dansgenre of -styl as die danshoofvak nie. Probeer om weg te beweeg van die bekende passies en formasies en om nuwe bewegingskat en -strukture te ondervind en te skep.
- **Gebruik van dansers:** Daar word voorgestel dat graad 10–12-Dansstudies-leerders as dansers gebruik word. Onthou graad 12-dansers kan in mekaar se danswerke dans.
- **Organisering van repetisies:** Jou onderwysers sal jou help met die organisering van die dansrepetisies asook die verdeling van ruimte en moet teenwoordig wees gedurende repetisies en dit monitor.
- **Beplanning van die produksie:** Jy moet deelneem aan die beplanning van 'n openbare dansopvoering enige tyd gedurende die skooljaar. Hierdie opvoering kan graad 10–12-groepdans- en individuele choreografieë insluit. Die opvoering kan formeel en informeel plaasvind, bv. in die klas of skoolsaal vir 'n **portuur-** of openbare gehoor. Jy moet 'n produksie-organiseringsrol kies of toegeken word wat sal vereis dat jy met 'n span saamwerk om te verseker dat die verskillende take tot die sukses van die produksie bydra. Jy moet 'n **geskrewe verslag** lewer wat jou pligte dokumenteer en besin oor die uitkoms van die produksie in jou choreografiejoernaal.
- 'n CD met 'n aantal verskillende musieksnitte is beskikbaar by WKOD Edumedia of ander provinsiale departemente. Leerders is welkom om hierdie nitte te gebruik of om hulle eie te vind.
- **Let wel dat liedjies met woorde vermy moet word.**
- Jy moet jou choreografiebeplanning in die vierde kwartaal van graad 11 of, op die laatste, die eerste week van die eerste kwartaal in graad 12, begin sodat jy genoeg tyd sal hê om aan jou choreografie te werk.
- Jou choreografie moet verfilm word en op DVD vir moderering beskikbaar wees.
- 'n **SERTIFIKAAT VAN EGTHEID** moet in jou choreografiejoernaal geplaas word as waarborg dat dit die werk jou eie is. Dit moet deur beide die onderwyser en die leerder onderteken word. Leerders moet bedrogaksies soos die volgende vermy:
 - Die gebruik van uittreksels van ander dansers/choreografe/onderwysers/musiekvideo's
 - Die gebruik van jou dansers om jou dans vir jou te choreografeer (hulle kan improviseer en bewegingsopeenvolgings skep, maar as choreograaf moet jy die keuses maak)

Jou punte sal op die volgende gebaseer wees:

1. Jou choreografiejoernaal insluitende -
Selfbesinning oor jou proses
 - Hoe jy die intensie/bedoeling van die choreografie in beweging omgesit het
 - Hoe jy saam met jou groep aan die choreografiese proses gewerk het
 - Wat jy uit die choreografiese proses geleer het
 - Jou repetisieskedule
 - Bemerkingsplan vir 'n opvoering
 - Jou produksieverslag
2. 'n Een bladsy-programnota vir die dans, van nie meer as 150 woorde nie, op 'n enkel vel A4-papier.
3. Die choreografie wat:
 - Jou bedoeling, spesifieke onderwerp of tema kommunikeer
 - Eksperimentering en oorspronklikheid toon
 - Struktuur, styl, vorm en ontwerp elemente toon
 - Geskikte keuse van begeleiding (musiek/klank/stilte/stem) toon
 - By elemente van produksie betrokke is

BYLAE A

FINALE EKSTERNE EKSAMEN EN GESIGSMODERERING VAN PRAKTIESE DANSKOMPONENTE

Provinsies sal 'n eksterne eksamenpaneel aanstel wat uit volgende bestaan:

1. Provinsiale interne moderator
2. Provinsiale hoofeksaminator
3. Mede-eksaminator(e)

Die paneel moet afgewissel word sodat ten minste een kenner/spesialis in die betrokke dansvorm ingesluit is.

- Provinsies sal al die reëlings tref. Dit sluit in die kommunikasie met onderwysers en skole, reël van die plek, die tye, die eksamenpaneel en enigiets anders wat gedoen moet word in die bestuur van die praktiese NSS-eksamen vir graad 12.
- Voordat die finale praktiese eksamen begin, sal die provinsiale interne moderator saam die provinsiale eksaminatore vergader om hulle te oriënteer ten opsigte van eksamenkwessies en om die assesseringsinstrumente te finaliseer.
- Die provinsiale interne moderator sal 'n paar eksamensentrums tydens die eksamen besoek om die gehalte van die eksamenproses te verseker.
- Daar word van onderwysers verantwoordelik vir die onderrig van die praktiese komponent wat geëksamineer word, verwag om saam met die eksaminatore teenwoordig te wees om die afneem van die eksamen te vergemaklik en om *praktiese jaarpunte en die volledige uiteensetting van die skoolgebaseerde assessering (SGA) vir moderering aan te bied*.
- Let wel dat die provinsiale hoofeksaminator die finale besluit oor die assesseringspunt neem.
- Die maksimum tydsduur van die hele danseksamenproses is 6 weke in kwartaal 3 en/of 4.

FINALE EKSTERNE PRAKTIESE EKSAMENFORMAAT

Die finale eksterne praktiese eksamen van die opvoeringskomponente sal uit die volgende bestaan:

1. 'n 30-minuut uitvoerige klas *in die danshoofvak* om tegniese vermoëns te evalueer (4/5 leerders op 'n keer). Dit is nie 'n opwarming nie, maar eerder 'n opsomming van die tegniek wat die leerder in die danshoofvak bereik het. Dit moet die hoofbeginsels van die dansvorm toon.
2. 'n G choreografeerde vasgestelde solo van 2 minute in die *danshoofvak (nie 'n mengsel van style nie)*. Die solo moet deur 'n professionele choreograaf of die dansonderwyser saamgestel wees en moet op die hoogste vlak van kompleksiteit, wat die kandidaat kan hanteer, wees. Die vlak van kompleksiteit sal die leerder se finale resultaat beïnvloed. Elke leerder moet die solo vir hulself individualiseer.
3. 'n Solo- of groep-improvisasie – kandidate sal die stimulus op die dag ontvang. Daar moet baie duidelike parameters en idees om mee te werk aan kandidate gegee word.

Sien Bylae D vir riglyne oor prestasievlakke vir normbepaling.

TYDSBERAMING VAN DIE EKSTERNE EKSAMEN

Eksterne Eksamenitems	Tyd: ongeveer 45 minute per groep	Punte
1. Klaswerk	30 minute per groep van 4/5	50
2. Solo	4 leerders x 2 minute elk	30
3. Improvisasiesolo's of -groep	1 minuut per leerder/groep	20
Totaal uit 100		100
Herlei na 150		150

* nasientyd uitgesluit

DANSSTUDIES PRAKTIESE EKSAMENINSTRUMENT 2012

Naam van skool Datum Groepnommer Moderator/Eksaminator	Kandidate	1	2	3	4	5
Gechoreografeerde Klaswerk: 30 minute						
Beginsels van die dansvorm begryp en in eksamen gedemonstreer	10					
Komponente van fiksheidsvlakke in eksamen vertoon: soepelheid/kernstabiliteit/krag/uthou vermoë/neuromuskulêre vaardighede	10					
Kompleksiteit van dansbewegings (dansskat/reeks vaardighede vertoon)	10					
Bewegingskwaliteit (oorgange, vloeiendheid, dinamiek, konsekwentheid)	10					
Musikaliteit en reproduksie/interpretasie en bewustheid van ritmes/dinamiek in die musiek	5					
Aanbieding (selfvertroue, uitdrukking, energie, fokus, teenwoordigheid, projeksie, versorging, eksamenetiket)	5					
Subtotaal	50					
Solo: 2 minute						
Vlak van kompleksiteit (bv. balans, vinnige verandering van rigting of vlak, gevorderde dansskat, akkuraatheid, aandag aan besonderhede)	5					
Beginsels van die dansvorm, styl van genre en eie unieke styl	5					
Bewegingskwaliteit (oorgang, vloeibaarheid, toegewydheid, energie, dinamiek)	5					
Begin en einde en verpersoonliking van dans	5					
Musikaliteit en afwisselende dinamiek in die musiek	5					
Opvoering (uitdrukking, interpretasie, selfvertroue, fokus)	5					
Subtotaal	30					
Improvisering: 1-2 minute						
Struktuur: begin, einde	3					
Kreatiewe gebruik van ruimte (en verhoudings as in 'n groep)	3					
Interpreteer van stimulus	3					
Verbeelding, kreatiwiteit, innoverend en neem risiko's	4					
Toegewyd, energiek, gefokus, selfvertroue	4					
Reaksie op musiek/Bewustheid van musiek	3					
Subtotaal	20					
Eksterne Eksamen Totaal	100					
2 ^{de} eksaminator	100					
3 ^{de} eksaminator	100					
Finale punt	100					
Herlei na 150	150					
BEOORDELINGSVLAKKE NA %						
7 Uitstaande prestasie	80-100					
6 Verdienstelike prestasie	70-79					
5 Wesenlike prestasie	60-69					
4 Voldoende prestasie	50-59					
3 Matige prestasie	40-49					
2 Elementêre prestasie	30-39					
1 Nie presteer nie	0-29					

Gebruik saam met vlakdeskriptors in Bylae D

BYLAE B

LATYNS-AMERIKAANSE DANSE EN BALDANS-HOOFVAKKE

- In dansgenres, soos Baldanse en Latyns-Amerikaans danse, waar dansers as paartjies dans, verwys 'solo' na een paartjie; 'duet' verwys na twee paartjies. Vennootskappe verwys gewoonlik na 'n manlike/vroulike paar maar kan van dieselfde geslag wees, onderskei as leier en die volger eerder as manlik en vroulik.
- 'Groepdans' in hierdie geval, verwys na 'Formasiedans' waar 4 of meer paartjies saamdans en verskillende formasies soos reguitlyne, sirkels, 'V'-vorme, ens. maak. Omruil van dansmaats en skeidings is alles deel van die dans. Verskillende musiekritmes kan in een opname verweef word en die dansers kan van een dansritme na die volgende beweeg in dieselfde opvoering. As die groepdans slegs een van die dansritmes gebruik, moet hierdie ritme anders wees as die een in die solo opgevoer:
 - In Baldanse: as die solodans 'n Wals is, moet die groepdans 'n Quickstep, Slow Foxtrot, Tango of Weense Wals wees
 - In Latyns-Amerikaans Danse: as die solodans 'n Rumba is, moet die groepdans 'n Samba, Cha Cha Cha, Paso Doble of Jive wees
 - Die inleiding en einde kan vrystyl-bewegings hê maar die liggaam van die dansopvoering moet in die danshoofvak wees en die vereiste lengte wees
- Die solo kan ook 'n gechoreografeerde dans met gebruik van ritmes wees. Die musiek kan opgeneem word deur geselekteerde mates van verskillende musiekopnames te gebruik en dit in een snit te verweef vir die danser om op te voer, bv. die paartjie kan van 'n Samba-ritme na 'n Rumba beweeg en moontlik eindig met 'n Jive. Verskillende kombinasies wat verskillende ritmes gebruik, is moontlik. Die inleiding en einde kan vrystyl-bewegings hê maar die liggaam van die dansopvoering moet in die danshoofvak wees en die vereiste lengte wees.
- Daar moet op gelet word dat 'Solo Latyns' en 'Lyndanse' nie in hierdie komponent gebruik kan word nie. Dit kan in die gechoreografeerde klaswerk as basiese oefening geïnkorporeer word.

BYLAE C – ONDERWYSERS SE VOORBEREIDING VIR FINALE EKSAMENS (Lees aandagtig deur)

DANSSTUDIES PRAKTIESE EKSAMENVEREISTES		
PLEK/ EKSAMEN- PROSEDURE	VEREISTES	KONTROLE- LYS
<i>Opvoerruimte</i>	<ul style="list-style-type: none"> Moet groot genoeg wees vir dansers om gemaklik te beweeg en dit moet ook die eksaminatore by tafels akkommodeer Spieël moet toegemaak word 	
<i>Temperatuur</i>	<ul style="list-style-type: none"> Moet goed geventileer wees as dit warm is/warm wees as dit koud is 	
<i>Vloer</i>	<ul style="list-style-type: none"> Moet skoon wees met gladde, gelyke oppervlak om op te tree 	
<i>Geraas</i>	<ul style="list-style-type: none"> Moet stil en geïsoleer wees met geen onderbrekings en geluide van buite nie 	
<i>Toilette/ Aantrekamers</i>	<ul style="list-style-type: none"> Moet 'n aantrekkamer/toilet vir leerders verskaf en toilet vir eksaminatore wat naby aan eksamenlokaal is. Moet skoon wees en toiletpapier, handdoek en seep moet beskikbaar wees 	
<i>Beligting</i>	<ul style="list-style-type: none"> Die lokaal moet goed verlig wees. As spesiale ligeffekte gebruik word, moet daar genoeg lig op die eksaminatortafel wees sodat die eksaminatore die nasieninstrumente kan sien. 	
<i>Klank</i>	<ul style="list-style-type: none"> CD-speler en versterkers, wat die volume vereis vir die opvoerruimte kan hanteer, moet verskaf word. Iemand anders as die onderwyser moet aangestel word om met die musiek vir die eksamen te werk. Alle musiek moet vooraf nagegaan word om te verseker dat alle CD's speel en geen probleme ontstaan nie. 	
<i>Eksaminatore se benodigdhede</i>	<ul style="list-style-type: none"> 'n Tafel groot genoeg om by na te sien vir elke eksaminator 'n Gemaklike stoel Water en glase op die tafels Genoeg lig Alle nasienskedules op eksaminatore se tafels in korrekte volgorde vir nasien Alle leerders se name op nasienskedules ingevul 	
<i>Leerders</i>	<ul style="list-style-type: none"> Moet gereed en opgewarm wees voordat die eksamen begin Moet hulle nommer duidelik en stewig vas hê op die voor- en agterkant van hul leotards – moet in numeriese volgorde staan van die eksaminatore af, van links na regs, d.i. 1/2/3/4. As in twee's werk, 1/2 saam, 3/4 saam, ens. Moet goed versorg wees in die toepaslike drag vir die danshoofvak Geen juweliersware, hare wat in gesig hang, ens. nie Daar word van leerders verwag om vir die duur van die eksamen by die lokaal te wees Daar word van alle leerders verwag om respektvol te wees wanneer ander leerders optree Water moet tydens die eksamen vir leerders beskikbaar wees 	
<i>Verversings/Kos</i>	<ul style="list-style-type: none"> Daar word van onderwysers verwag om oggend- en middagtee en -koffie te bedien asook middagete vir die eksaminatore as jou eksamentydperk oor 'n hele dag strek of oor die middagetetydperk of deel daarvan. Vind vooraf uit wat die dieetvereistes van die eksaminatore is. Onthou dat eksaminatore vroeg reeds hulle huise verlaat en laat terugkeer na baie eksamensessies en jou gasvryheid word waardeer. 	

BYLAE D
Prestasievlakke vir Normbepaling van Dansstudies Graad 12 PAT'e en Praktiese Eksamen
Minimum Vereistes vir elke Vlak

Tegniek – uitgevoer in danshoofvak. Punte = 50

Lengte = 30 minute en toon hoofbeginsels van danshoofvak. Maksimum van 4–5 leeders per groep.

Beoordeling, vlak	Minimum punt	Prestasievlakke
